

A le Roux Pr Ing
Siviele en Strukturele Ingenieur

Ecsa Reg nr. 840170

Posbus 1111
JEFFREYSBAAI
6330

Tel / Faks 042 296 2820
Sel. 082 757 3701
e-pos alrkouga@telkomsa.net

Verwysing: M532

29 Augustus 2017

Die Munisipale Bestuurder
Kouga Munisipaliteit
Da Gamaweg
Jeffreysbaai
6330

Vir aandag : Mnr Charl du Plessis / Eddie Oosthuizen

SEEKOEIRIVIEROORGANG

1. Verwysing:

Mnr Eddie Oosthuizen van die Tegnieuse Dienste het my genader en versoek om my kommentaar oor die Seekoeirivieroorgang te lewer.

Ek was as Stadsingenieur vanaf 1987 tot 1996 baie nou betrokke by die oorgang en wat daar plaasgevind het.

2. Geskiedenis:

Die geskiedenis van die oorgang kan kortliks as volg opgesom word:

Inwoners van Paradysstrand, wat onder die ou Humansdorp Afdelingsraad se beheer was, het begin om 'n kortpad na Astonbaai oor die sand in die Seekoeirivier te bou. 'n Plaaslike kontrakteur, DD Vervoer het destyds bourommel in die standmeer gestort en so het die pad stadig begin vorm aanneem.

Met die ontstaan van die Algoa Streeksdiensteraad is die beheer van Paradysstrand vanaf die Afdelingsraad daarheen oorgeplaas.

Die Paradysstrand dorpskomitee het begin voelers uitsteek en begin gesprekke voer met die Jeffreysbaai Munisipaliteit en die Algoa Streeksdiensteraad vir die moontlike inlywing van Paradysstrand by Jeffreysbaai.

Die Raad was destyds ten gunste van sodanige inlywig maar het sekere voorwaardes en versoeke gestel.

Een van die voorwaardes vir inlywing was dat dat die oorgang opgegradeer word en dat 'n beter oplossing vir die opdamming in die mond gevind word.

Die Raad en die SDR het verskeie deskundiges soos die WNNR, Dr. Rooseboom, Dr. Retief en ander genader om oplossings voor te stel.

Daar is uiteindelik besluit om die voorstelle van Ninham Shand te aanvaar.

3. Die probleem:

Ten einde die probleem raak te sien is dit nodig om die natuurlike proses en dinamika van die riviermonding te verstaan.

Die sameloop van die Swarttrivier en Seekoeirivier mond uit in see soortgelyk aan talle ander riviere soos die Krom-, Kabeljous-, Gamtoos-, Van Stadens en Sondagsrivier.

Die natuurlike migrasie van die sand by al hierdie mondings is van suid na noord. Dit is as gevolg van die profiel van die kuslyn en die suidwaartse seestroom. Vir eeue lank veroorsaak hierdie sandbeweging dat al hierdie mondings gereeld toegaan.

As gevolg van die bou van damme in die riviere is die natuurlike aflope verminder met gevolg dat daar meer sandophoping in die monde plaasvind.

Gedurende winter springetye en hoë reenvaal gebeur dit dat die opbou van water agter die sandhoop in die mond so hoog raak dat dit natuurlik uitbreek en dan die hele strandmeer dreineer. Dit veroorsaak 'n onaangename toestand met slegte reuke as gevolg van vrot visse en plantegroei wat agterbly. Tydens die opbou van water agter die sand word laagliggende paaie en eiendomme bedreig.

Die natuurlike uitmonding van die seekoeirivier is versteur is met die bou van die Astonbaai swembad, saal en parkeerarea. Studies het getoon dat daar 'n rotsrif aan die noordekant van die saal is waar die rivier in die verlede natuurlik uitgeloop het.

Die probleem is nie die oorgang nie maar wel die versteuring van die natuurlike uitvloei van die mond.

Die logiese antwoord was om die riviermond na sy oorspronklike posisie te laat terugkeer deur 'n kanaal te graawe waar dit in die verlede natuurlik gevloei het.

Daar is ook aanbeveel dat die oorgang verbeter word deur dit op te lig, van meer deurlate te voorsien, erosiebeheer asook golfenergiebrekers aan te bring.

Soos in die verslag aanbeveel is, is daar klem gelê op die feit dat aangesien die natuurlike prosesse van sandbeweging versteur is, daar op 'n deurlopende basis aandag aan die stelsel gegee sal moet word.

4. Finansies:

Ten einde die inlywing van Paradysstrand te verwesentlik het die Algoa SDR die geld aan die Jeffreysbaai Munisipaliteit geskenk.

Die projek is departementeel uitgevoer onder strenge toesig van die SDR, die Munisipale Raad en die Paradysstrand raadslede.

5. Konstruksie:

Die opgradering van die oorgang sowel as die kanaal, die brug oor die kanaal en die uitlaatstruktuur is uiteindelik in 1995 voltooi.

Daar is toe begin met die stabilisering van die sandduine om die opslukking van die kanaal te verhoed.

6. Onderhoud:

Daar is vir 'n tydperk van ongeveer 'n jaar na voltooiing baie aandag aan die duine asook die skoonhou van die uitlaat geskenk.

Ongelukking het politieke ontstuiinghede op daardie stadium die fokus heeltemal laat verskuif en daar is min aandag aan die onderhoud van die stelsel geskenk.

Daar is terugbeweeg na die ou manier van die die monding oopbreek, die kanaal is toegelaat om heeltemal met windgedrewe sand toe te slik en geen aandag is aan die stabilisering van die sandduine gegee nie.

Selfs die golfenergiebrekers op die oorgang is toegemessel en daar is toegelaat dat die water bo die aanvaarde oorloopvlak van die beheerstruktuur styg. Dit veroorsaak onnodige versadiging van die stutlae van die pad.

Dit is 'n feit dat omgewingsbewaring vandag baie strenger toegepas word as in die verlede maar dit moet ook onthou word dat daar gepoog was om die stelsel na 'n meer natuurlike staat te laat terugkeer.

Die Utopiese oplossing is natuurlik die totale verwydering van die oorgang, die parkeerarea, die saal en dan die bou van 'n nuwe brug oor die twee riviere. Die koste hieraan is buite die bereik van hierdie Stadsraad.

Daar is geen bewyse dat die oorgang self die ekologie van die strandmeer versteur het nie. Die oorgang self is ook so ontwerp dat dit so min as moontlik aflope van die rivier moet belemmer en ook bestand wees teen beskadiging tydens vloede.

In 2006 het die water amper 'n meter diep oor die oorgang geloop sonder noemenswaardige skade aan die oorgang self. (Sien bl. 5)

7. Aanbeveling:

My eie oortuiging is dat die oplossing soos destyds deur almal aanvaar is, blyk nog die beste te wees.

Wat egter fout gegaan het is dat daar te min aandag, monitering, onderhoud en beheer uitgeoefen is.

- 1) Die sand aan die seekant van die uitlaatstruktuur moet verwyder word.
- 2) Die kanaal moet skoongemaak word.


- 3) Die watervlak moet deur die beheerstruktuur gehandhaaf word.
- 4) Die energiebrekers op die oorgang moet herstel word.
- 5) Die duinstabilisaie moet voortgaan.
- 6) Die soutgehalte moet nagegaan word soos in die verslag genoem.

Die finale uittreksels van die Ninham Shand verslag word hierby aangeheg asook twee fotos wat die kanaal by die kompleks aandui.


Ek vertrou u vind dit in orde.



André le Roux Pr Ing



Hierdie fotos dui aan waar die kanaal en uitlaatstruktuur gebou is.





Die oorgang na die vloed van 3 tot 4 Augustus 2006. Daar was bitter min skade.